

**Donderdag 30 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 142**

**Fokusgedeelte: Psalm 142:6**

### **Roep na God in jou nood**

**D**awid was 'n opregte gelowige. God het hom reeds as die volgende koning van Israel laat salf en sy Gees het kragtig in hom gewerk. Dawid het Goliat verslaan en hy het respek onder sy volksgenote afgedwing. Israel en Juda was lief vir hom en hy is met koning Saul se dogter getroud.

Tog moes Dawid by geleentheid vir koning Saul vlug en in 'n grot bly, want Saul wou hom doodmaak! Dawid was moedeloos en alleen. Niemand het hom gehelp nie. Dawid het Psalms 57 en 142 geskryf na aanleiding van die tyd wat hy in 'n grot weggekrui het, moontlik ná sy verblyf in die Adullamgrot (1 Sam. 22) of in die grotte by En-Gedi (1 Sam. 24).

Waar was God? Dawid het gebid, geroep, gesmeek, maar die toekoms waarvan God hom vroeër verseker het, het so onmoontlik gelyk. Dawid het sy totale weerloosheid erken.

Hy het sy toevlug tot God geneem en bely dat God sy deel in die land van die lewendes is. Soos die Levi-stam geen deel van Kanaän gekry het nie, het Dawid gevoel hy het ook geen plek nie. Die Leviete het van die offers wat die ander stamme vir God gegee het, geleef. God was hulle deel. God was Dawid se deel. Hy was heeltemal van Hom afhanklik.

God verlaat nooit sy kinders nie, al voel dit vir hulle so. Hy verlaat hulle nie, omdat Hy ons Here Jesus, Dawid se nasaat, aan die kruis verlaat het.

God het Dawid se smeekgebede gehoor en op sy tyd vir Dawid uitkoms gegee. Sy familie en 'n klomp ander mense het by hom aangesluit. So het 'n nuwe tyd aangebreek wat hom voorberei het om koning te wees. God het nie net sy gebede verhoor nie, maar ook uit die slegte goeie dinge laat voortkom.

*Sing: Skrifberyming 14-2*

*Ds. EJ de Beer (Edmund) (Laeveld)*